

# Jou taal verraaï jou hart

**D**ie taal wat jy gebruik verraaï dikwels die dieper nuanses van jou lewens-en-wêreldbeskouing. Dis byvoorbeeld nie moontlik om gereeld rassistiese woorde te gebruik, en dan heftig te ontken dat daar geen sweem van rassisme in jou hart is nie.

Dit is dus belangrik dat ons noukeurig sal let op ons taal wanneer ons oor MIV/vigs en verwante aangeleenthede praat en skryf. Wat ons sê word gehoor – juis deur mense wat self met MIV leef of direk daardeur geraak word. Ons kan nie beweer dat ons omgee as ons “hulle” in negatiewe en afbrekende taal beskryf nie.

VERMY	HOEKOM?	ALTERNATIEWE
MIV/vigs	MIV en vigs is nie sinoniem nie en moet met onderskeiding gebruik word.	MIV, behalwe wanneer u spesifiek na vigs wil verwys. Wanneer na beide verwys word, gebruik MIV en vigs.
“Vigs” wanneer eintlik na MIV verwys word	Vigs is ’n bepaalde fase van MIV-infeksie. Iemand wat MIV positief is, kan jare buite hierdie fase leef.	MIV-infeksie of MIV-positief
“Full-blown Aids”	Daar is net een “vigs-fase”.	Vigs
Vigsdraer	Om van iemand as ’n “vigsdraer” te praat, is stigmatiserende taal.	’n Persoon wat met MIV leef
Vigswesies	“Vigswesies” word baie algemeen gebruik. Dit impliseer egter dat hierdie kinders waarskynlik MIV-positief is of vigs het.	Weeskinders of kinders wat kwesbaar is binne die konteks van die MIV-pandemie
Vigslyer	Dis ’n negatiewe woord met negatiewe konnotasies.	’n Persoon wat met MIV leef
“Besmet”: Vigs-besmet of MIV-besmet	In Afrikaans is “besmet” voorheen alleen vir objekte of diere gebruik, maar nie vir mense nie. Byvoorbeeld: “’n Rivier is met riool besmet”. Ons sou tog nie sê: “Mnr B... is besmet met griep”, nie. “Met MIV/vigs besmet” word baie algemeen gebruik, maar word baie negatief beleef deur mense wat met MIV leef.	’n Persoon wat met MIV leef
Kry vigs, doen vigs op of iemand kan jou vigs gee, ens.	Vigs is nie ’n aansteeklike siekte soos griep en verkoue nie. MIV kan onder bepaalde omstandighede oorgedra word. Ná MIV-infeksie kan vigs ontwikkel.	Deur of met MIV geïnfekteer
Vigs-toets	Hoewel bepalings van viruslading en DC4-tellings gebruik word om die progressie van MIV-infeksie te monitor, word met “toetsing” bedoel die bepaling van die teenwoordigheid van MIV. As ek dus by die dokter of kliniek of patoloog getoets word, word ’n MIV-toets gedoen.	MIV-toets
“Onskuldig” teenoor “het daarvoor gesoek”	Hierdie woorde gaan uit van ’n houding van oordeel.	Vermy hierdie woorde
Plaag, vloek, oordeel van God, ensovoorts	Daar skuil dikwels ’n houding van veroordeling agter hierdie woorde.	Siekte, epidemie, pandemie